education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2: SKRYF

FEBRUARIE/MAART 2009

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A	Opstel	(40)
AFDELING B	Langer transaksionele tekste	(20)
AFDELING C	Korter tekste	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf die nommer en die onderwerp wat jy kies, duidelik boaan elke vraag.

4. Gee spesiale aandag aan spelling, taal en sinskonstruksie.

5. By elke onderwerp moet duidelike beplanning gedoen word. Dui die finale produk duidelik aan.

6. Skryf duidelik en leesbaar.

Linkerkantse bladsy

Beplanning:

AFDELING A
AFDELING B
AFDELING C

Hier is 'n voorbeeld van hoe beplanning gedoen kan word.



Regterkantse bladsy

Finale skryfstuk:

Vraagnommer en onderwerp

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van ongeveer 200 – 250 woorde oor EEN van die onderwerpe.
- Skryf jou beplanning neer en dui die finale produk aan.

1.1 SÓ HET ONS MEKAAR DIE EERSTE KEER ONTMOET!



[Uit: *Ubungani*]

Geliefdes ontmoet mekaar op verskillende plekke en maniere.

Skryf 'n opstel waarin jy **vertel** hoe twee mense ontmoet het, verlief geraak het en tot vandag 'n spesiale verhouding het.

Hou die volgende in gedagte:

- Wie is die mense?
- Waar het hulle mekaar ontmoet?
- Hoe het hulle ontmoet?
- Wat het daarna gebeur?

[40]

OF

1.2 KORRUPSIE MAAK DIE LEWE VIR ONS MOEILIK

[*Clipart*]

Daar is oneerlike mense in Suid-Afrika. In die koerante lees ons dat daar baie korrupsie in ons land plaasvind. Al hoe meer mense moet onnodig geld aan korrupte persone betaal om goeie diens te kry.

Skryf 'n opstel en **vertel** van so 'n situasie wat jy beleef het.

Hou die volgende in gedagte:

- Hoe het jy in die situasie beland?
- Wie was die korrupte persoon/persone?
- Hoe of waarmee moes jy die persoon omkoop?
- Hoekom het jy dit gedoen?
- Waarom was dit verkeerd? **[40]**

OF

1.3 EK SAL DIT NOOIT DOEN NIE!

Terwyl jy eendag saam met jou vriende was, het hulle 'n vreeslike verkeerde ding gedoen. Jy was onskuldig, maar het saam met hulle in die moeilikheid beland.

Skryf 'n opstel waarin jy **vertel** wat daardie dag gebeur het.

Hou die volgende in gedagte:

- Wie was almal betrokke?
- Waar was julle toe dit gebeur het?
- Wat het gebeur?
- Wat was die gevolge van hulle optrede?
- Wat het jy geleer?

OF

1.4 **'N SPESIALE GEBEURTENIS**

Jy het 'n groot byeenkoms bygewoon.

Beskryf wat jy alles beleef het.

Hou die volgende in gedagte:

Beskryf …

- watter soort byeenkoms dit was.
- waar die byeenkoms was.
- wanneer die byeenkoms plaasgevind het.
- wat jy alles gesien en gehoor het.
- wat al die mense gedoen het.
- hoe jy gevoel het.
- hoe die byeenkoms geëindig het. **[40]**

OF

1.5 **GEWELD IN SKOLE**

[Uit: *IsiZulu Sanamuhla Esicebile,* Ibanga 12]

Baie skole is nie meer veilige plekke waar kinders in vrede kan leer nie.

Skryf 'n opstel waarin jy geweld in dié skole **beskryf**.

Hou die volgende in gedagte:

Beskryf …

- die omgewing waarin dié skole is.
- die soort geweld in dié skole.
- die tipe leerders wat betrokke is.
- die plekke waar die geweld plaasvind.
- hoe leerders reageer as daar geweld is.
- hoe die skole die geweld hanteer. **[40]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

VRAAG 2

- Skryf ongeveer 80 – 100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf jou beplanning neer en dui die finale produk aan.

2.1 **JY GEE RAAD**

[Uit: *Rapport Tydskrif* ,18 Mei 1997]

Hieronder volg 'n gedeelte uit 'n brief wat 'n maat aan jou geskryf het.

Ek wil jou vertel wat nou die dag met my by die skool gebeur het toe die skoolhoof my ingeroep het oor my sesjarige sustertjie, Alina.

In die skoolhoof se kantoor was my ma en Alina. Alina se mond was toegeplak. Ek moes toe by die skoolhoof hoor dat Alina lelike vloekwoorde gebruik. Jy kan net dink hoe ontsteld ek en my ma was, want jy weet tog dat ons nie in ons huis vloek nie. Toe die hoof haar gevra het waar sy die lelike woorde gehoor het, wys sy na my en my ma!!

Gee my asseblief raad. Wat moet ek nou doen?

Beantwoord jou maat se brief en gee raad. Gee verskillende oplossings vir die probleem. **[20]**

OF

2.2 XENOFOBIA



[Uit: *Valued Citizens*]

Jy en jou maat kyk na die prentjie hierbo en gesels oor baie Suid-Afrikaners se haat vir mense uit ander lande wat in Suid-Afrika kom woon en werk. Jou maat hou ook nie van vreemdelinge nie, maar jy voel dat haat en vrees vir vreemdelinge verkeerd is.

Skryf die gesprek tussen jou en jou maat in **dialoogvorm** neer.

Hou die volgende in gedagte:

- Hoekom hou mense nie van vreemdelinge nie?
- Waarom is dit verkeerd om vreemdelinge te haat?
- Wat moet vreemdelinge doen sodat mense hulle nie haat nie?
- Hoe moet vreemdelinge behandel word?

Begin julle gesprek só:

Maat: Ek hou nie van die vreemdelinge wat ons land so oorneem nie!

Ek: ...

Onthou: Daar moet 'n reël oop wees tussen elke spreekbeurt. **[20]**

OF

2.3 **SKOOLDRAG**

Die leerders in jou skool wil nuwe skooldrag hê. Hulle het verlede week 'n vergadering gehou om skooldrag te bespreek.

Skryf 'n **verslag** oor die bespreking en die besluite wat by die vergadering geneem is.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat is die probleme met die ou skooldrag?
- Watter veranderings wil die leerders aan die skooldrag hê?
- Wanneer wil hulle die nuwe skooldrag begin dra? **[20]**

OF

2.4 **JEUGDAG**

[Uit: *TV Guide*]

In 'n brief wat op 15 Junie 2008 in 'n koerant verskyn het, skryf 'n leser die volgende:

Die viering van jeugdag gaan te veel oor politiek en baie jongmense voel nie gelukkig daaroor nie. Jeugdag is vir die jongmense, nie vir die grootmense nie. Dit is 'n dag vir jongmense om hulle probleme en ideale te bespreek. Die lewe het verander en die jeug wil oor oplossings vir vigs, dwelms, misdaad en werkloosheid praat.

Skryf 'n brief aan die Redakteur van ***Rapport*** om jou opinie te gee oor jeugdagvierings. Gebruik die volgende adres: Posbus 80, Pretoria, 0001. **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: KORTER TEKSTE

VRAAG 3

- Skryf ongeveer 60 – 80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf jou beplanning neer en dui die finale produk aan.

3.1 'N SKOONMAAKDIENS

Julle is 'n groepie vriende wat nog nie werk het vir volgende jaar nie. Julle het besluit om geld te maak deur 'n skoonmaakdiens vir kantore of winkels te begin.

Stel 'n **advertensie** op wat in 'n koerant gaan verskyn en waarin die skoonmaakdiens geadverteer word.

Hou die volgende in gedagte:

- Soort skoonmaakdiens
- Tye
- Koste
- Kontakpersone en telefoonnommers

ONTHOU
Dit moet soos 'n advertensie lyk. Punte word vir die *inhoud* toegeken en nie vir die versiering nie.

[20]

OF

3.2 ROETE-AANDUIDING



[Verwerk uit: *Oxford Junior Atlas*]

SLEUTEL

X	Brug
W	Winkel
Hotel	Hotel
Sk	Skool
St	Stasie
+	Kliniek
R	Restaurant
V	Vismark
M	Moskee
HP	Hotelparkering
RP	Restaurantparkering
B	Boot

Anna gaan jou dorp vir die eerste keer besoek. Sy vra jou om aan haar te verduidelik hoe om by die stasie en hotel uit te kom. Daarna wil sy met 'n boot op die rivier gaan vaar. Jy stuur vir haar die kaart en kort verduidelikings oor die roete **stasie** en **hotel** toe. Jy sê ook watter roete die **boot rivier op** vaar.

Volg die instruksies hieronder en skryf jou rigting- en padaanduidings in volsinne.

3.2.1 **Roete stasie toe**

Verduidelik die kortste pad vanaf die brug tot by die stasie. Noem in watter rigting sy in TWEE strate moet draai asook DRIE bakens waarby sy sal verbygaan. Sê elke keer aan watter kant die bakens is. (8)

3.2.2 **Roete hotel toe**

Verduidelik die maklikste pad vanaf die stasie tot by die hotel. Noem in watter rigting sy in TWEE strate moet draai askook TWEE bakens op pad na die hotel toe. Sê elke keer aan watter kant die bakens is. (5)

3.2.3 **Bootrit**

Verduidelik die roete per motor van die hotel af tot by die boot en sê by watter TWEE bakens die boot rivier op sal verbyvaar. Sê elke keer aan watter kant die bakens is. (7)

[20]

OF

3.3 HOE OM 'N MOTOR SKOON TE MAAK



[Uit: *CLIPART*]

Skryf 10 stappe puntsgewys neer hoe om 'n motor skoon te maak.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat gaan jy nodig hê om 'n motor mee te was?
- Hoe gaan jy die buitekant skoonmaak?
- Hoe gaan jy die binnekant skoonmaak? **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou